

# Ai, daardie lastige begrotings!

**TERTIUS  
MAREE**

tertius@section.co.za



## DEELTITEL- FORUM

Die vorige deeltitelwet, wat op 7 Oktober verlede jaar deur nuwe wetgewing vervang is, is die “tweedegenerasie”-wetgewing genoem. Hierdie wet het die eerste deeltitelwet van 1971 vervang – die “eerstegenerasie”-wet.

Art. 37(1)(a) van die vorige wet het vereis dat elke regs persoon ’n fonds moet instel vir die bedryf van die skema – met inbegrip van redelike voorsiening vir toekomstige instandhouding.

### Dié vereiste is eenvoudig

deur trustees sowel as bestuurs-agente geïgnoreer, ten spyte van vele waarskuwings deur my in hierdie rubriek. Dit het daartoe gelei dat streng voorskrifte ingestel is om hierdie noodsaaklike plig aan almal op te dwing.

Die nuwe wet maak in art. 3(1)(b) spesifiek voorsiening vir die skep van ’n reserwefonds. Besonderhede oor hoe daarvoor begroot moet word, word in die Regulasies en die

Bestuursreëls vervat.

Op my slypskool in George op 13 Mei vanjaar sal hierdie funksies in diepte ondersoek word. Ek wil egter vandag fokus op die voorskrifte van die Bestuursreëls ten opsigte van begrotings.

Die twee begrotings word op die algemene jaarvergadering voorgelê vir goedkeuring deur die lede, met of sonder wysigings.

Hoewel die berekening van heffings op hierdie begrotings gegrond word, moet ek weereens daarop wys dat die heffings nie op hierdie vergadering goedgekeur mag word nie.

Heffings wat só goedgekeur word, is ongeldig.

**Op die algemene jaarvergadering** (AJV) moet die trustees ook ’n instandhoudingsplan aan die lede voorlê, welke plan die lede moet goedkeur – met of sonder wysigings.

Hierdie plan vorm die grondslag vir die instandhoudingsbegroting.



**Die trustees of bestuursagent moet gereed wees om op die vergadering die nodige veranderinge aan die reserwebegroting aan te bring.**

Die eerste probleem wat hom voordoet, is dat as wysigings aan die plan op die AJV opgelê word, dit dan ook nodig word om die begroting aan te pas voordat dit aanvaar word.

Dit is ’n nuwe probleem wat nie ten opsigte van die gewone of administratiewe begroting geld nie.

Die trustees of bestuursagent moet dus gereed wees om op die vergadering die nodige veranderinge aan die reserwebegroting aan te bring voordat daarvoor gestem word.

**Wat moontlik in die praktyk** sal gebeur en ho-

pelik in orde sal wees, is dat die lede die begroting goedkeur onderhewig aan ’n opdrag aan die trustees om die nodige veranderinge aan te bring, voordat die heffings bepaal word.

Ingevolge Bestuursreël 26(1)(c) moet die trustees “... *prepare budgets for the administrative and reserve funds comprising itemised estimates of the anticipated income and expenses during the next financial year for presentation at the annual gener-*

*al meeting; provided that such budgets may include discounts not exceeding 10% of a member’s annual contributions applicable if all those contributions are paid on or before due dates*”.

Die bepaling oor afslag lewer ’n aantal probleme waarop trustees bedag moet wees.

**Eerstens moet vir die afslag begroot word.** Dit beteken dat daar die verwagting sal wees dat alle lede hul heffings betyds sal betaal en dus op die afslag geregtig sal wees.

Dit beteken verder dat die begroting in die geheel met 10% verhoog moet word. Almal se heffings word gevolglik met 10% verhoog.

Wanneer word ’n lid dan op sy afslag geregtig?

Die afslag kan nie op ’n maandelikse basis toegedeel word nie; dit kom eers ter sprake aan die einde van die boekjaar wanneer vasgestel kan word of ’n betrokke lid al sy maandelikse heffings betyds betaal het.

Die gevolg sou wees dat almal (onnodige) verhoogde heffings in die loop van die jaar moet betaal voordat die afslag in werking tree.

En wat gebeur dan? Word die afslaggelde wat opgeloop het aan die lede terugbetaal? Nee, ek dink nie so nie. Bestuursreël 21(2)(b) verbied enige terugbeta-

ling van heffings aan lede.

Heel waarskynlik sal die regs persoon op daardie tydstip ook nie oor voldoende geld beskik om die terugbetalings te doen nie.

Dit beteken dat in die daaropvolgende begroting weereens voorsiening gemaak moet word vir die bestaan van afslag ten opsigte van die vorige jaar se heffings.

Maar dan moet die huidige jaar se afslag op heffings ook ingereken word.

**Nee, trustees, ek raai** julle aan om weg te bly van hierdie geldelike moeras.

Jy kan nou vra waarom die wetgewer nie net voorsiening kon maak vir ’n boete van 10% vir wanbetalers nie.

Die wetgewer se benadering is om skuldenaars te beskerm teen bestrawwing, soos jy kan sien met die beperking wat gestel is op die maksimum rentekoers wat opgelê mag word ten opsigte van agterstallige heffings. In plaas daarvan om wanbetalers te straf, is die doel om gereelde betalers te beloon – maar ongelukkig op ’n wyse wat nie kan werk nie.

■ **Lesers word herinner aan Tertius Maree se slypskool op 13 Mei in George. Bespreek jou sitplek deur e-pos na louise@section.co.za te stuur.**